Die Hoërskool Menlopark
Excelsa Petamus
Sedert 1963

# menlo-insig

5/2024

## LIEWE MENLO

Daar is iets betowerends aan 'n storie; 'n belofte van 'n geheimsinnige intrige wat tussen die bladsye van 'n boek ontvou en sonder dat 'n mens dit besef, maak jy vir 'n emosionele tuimeltreinrit gereed wanneer jy 'n boek oopmaak. Die omslag – 'n stil bewaker van spanning, geluk, hartseer, verbasing, opwinding en verslaentheid.

Stories word egter nie net in boeke gevind nie. Op Menlo-bodem *leef* elke Parkie 'n stukkie van Menlo se verhaal. Hier kry elkeen 'n beurt om as hoofkarakter op te tree en die drama wat afspeel, hou selfs by die beste Hemingway, Woolf en Meyer kers vas.

Dit kan sekerlik net in 'n sprokie gebeur dat 'n skoolsaal tussen Vrydagmiddag en Saterdagaand in 'n balsaal omtower word. Skielik staan 'n onherkenbare voortuin, saal en vierkant gereed om die graad 11's en 12's in hulle eie verhaal te verwelkom. Die towerstaf van hulpvaardige ouers lei tot 'n asemrowende resultaat met dekor, nageregtorings en vingerhappies wat net in verbeeldingsvlugte bestaan. Vir 'n oomblik is skoolwerk vergete en word die Parkies in hulle eie feëverhaal opgeslurp. Selfs al is die Parkies soos supersterre vermom, kan hulle ware karakters nie misgekyk word nie: Kosbare Menloparkers met omgeeharte en onberispelike maniere.

In die volgende hoofstuk hou die toeskouers asem op. Dan slaak hulle 'n gemeenskaplike sug van verligting, want die waaghalsige ruiter is veilig oor die hindernis. Die verhaal eindig wanneer die ritmiese klip-klap klank van hoewe verdof terwyl die applous 'n crescendo bereik. Bravo, Menlo! Julle is 'n toonbeeld van dapperheid.

Daarna skuif die kollig na die laeveld waar 'n kat-en-muis-tennisspel tussen die land se beste seunspanne ontvou. Eindelik eindig Menlo in die tweede posisie, maar die speler wat die beste sportmangees toon, is 'n Menlo-man!

Die stryd om oorlewing word op die krieketveld voortgesit. 'n Verbete boulaanval word afgeweer, terwyl die genadelose son elke greintjie energie uit die spelers tap. Ook hier seëvier die moedige Parkies – selfs die natuur sal hulle nie daarvan weerhou om die skool se eer met hart en siel te verdedig nie.

Tydens die interhoërgalas by Hillcrest verander die Menlo-verhaal in wetenskapfiksie. Hoe is dit moontlik dat dit lyk of die opponente water trap wanneer hulle langs 'n Parkie staan? Is die blitsige tye deur die Parkies oëverblindery en waar steek die C-diere hulle swemtalent weg? Bedags op die skoolbanke lyk hulle pure Parkie, maar in die swembad raak die verborge talente helder sigbaar! Sensasioneel...

Die hoogtepunt van vandeesweek se Menlo-verhaal speel in die toekoms af. Voor ons geestesoog transformeer Menlo se atlete in superwesens in hulle kenmerklike blou, wit en rooi spandrag. By interhoër is dit een vir almal en almal vir een.

Die Insig durf nie oor die uitkoms spekuleer nie, maar een ding is vir seker: Die blou golf is onstuitbaar en die eggo van Assandria is reeds duidelik hoorbaar...








## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Psalm 143:8**

Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue.

# DAGBOEK

**23/2**
Atletiek: Interhoër

**24/2**
Krieket: o. 15A (Finsbury finaal)
Fietsry: Spanbou

**26/2**
Redenaars: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 16:00)
Netbal & Hokkie: Proewe begin

**28/2**
Akademie: Gr. 11-Gasvryheid (PAT, 14:30) & Franse-aand (Saal, 16:00 – 20:00)

**29/2**
Redenaars: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 16:00)

**1/3**
Seunshokkie: Grey College (A-spanne, tuis)
Tennis: Menlo-MixIt-toernooi (Sun City)












# ALGEMEEN










## Hoogtepunte van 2023 eggo in die Eggo

Elke Parkie het voorverlede week 'n Eggo-jaarblad ontvang. Leerders wat hierdie interessante leesstof reeds verslind het, is welkom om 'n jaarblad teen slegs R50 aan te koop. Die drukkersduiwel was die skool goedgesind en dit is juis as gevolg van 'n drukkersfout (wat intussen reggestel is) dat die skool die surplus teen hierdie weggee-prys kan aanbied. Maak gerus 'n draai by die finansiële kantoor.

## Wees die verskil; u stem tel!

Verkiesingskoors heers vanjaar nie net in die land nie, maar ook op Menlo-bodem. Die beheerliggaamverkiesing vind op 4 Maart plaas en alle Menlo-ouers word versoek om aan die proses deel te neem.

Hoe kan ouers deelneem?

1) Ouers kan hulleself verkiesbaar stel.
2) Ouers word versoek om hulle stemme op 4 Maart uit te bring.

Volledige inligtingsbriewe is op 16 en 19 Februarie aan ouers ge-e-pos en is ook op die skool se webblad beskikbaar.

Die skool sien uit na die verkiesing en bedank die ouers by voorbaat vir hulle ondersteuning.


#weesdieverskil




# LEIERSKAP

## Nuwe verteenwoordiger vir junior stadsraad verkies

Die skool wens vir Le Roux van Wyk, gr. 10, geluk met sy verkiesing tot die junior stadsraad – 'n niewinsgewende organisasie wat sedert 1979 bestaan. Die junior stadsraad se belangrikste taak is om geleenthede te reël om geld vir liefdadigheid in te samel. Twee verteenwoordigers van verskeie skole dien op die raad en Le Roux sluit hom by Ryan Hill aan. Menlo wens vir Le Roux sterkte toe met die uitdagings wat hierdie geleentheid oor sy pad sal bring. Die skool bedank terselfdertyd vir Keira de Jager wat binnekort as junior stadsraadslid uittree.









# GEES

## Leef jou storie by Menlo!

'n Hoërskoolloopbaan vlieg verby en bied slegs 'n paar geleenthede om skoolklere vir iets deftigs te verruil. Die Parkiebal is so 'n geleentheid en die graad 11- en 12-leerders het die kans om hulle beste voetjies voor te sit (al was dit kaalvoet) verlede Saterdag behoorlik benut.

Buiten die feit dat die saal, vierkant en voortuin 'n metamorfose ondergaan het, was ons leerders byna onherkenbaar getooi.

Baie geluk aan die hoofleiers, die matriekraad en in die besonder aan hierdie groepe se flukse ouers met 'n uiters suksesvolle aand. Die tema, Leef jou Storie, was in elke faset van die bal sigbaar. Die skoolsaal is met asemrowende dekor in 'n klassieke balsaal omtower, terwyl die vierkant se tentdak verseker het dat geen reën die uitbundige atmosfeer kon demp nie.


Sommer vroeg-vroeg is die blinknuwe dansskoene uitgeskop om behoorlik vastrapplek te kry. Die gr. 9-kelners het verder gesorg dat die gaste die aand nie gou sal vergeet nie deur heerlike happies aan te dra.

Voor 'n mens egter kon sê: "Fluit-fluit, my storie is uit" is die aand omgekuier en omgedans.


Geniet die foto's.














# Menlo se top-15 is ook byeenkoms se top-15

Nie alle skole is in die bevoorregte posisie om vyftien top-atlete te hê nie. By Menlo het ons nie net dosyne uitstekende atlete nie, maar is ons vyftien top-atlete ook as die top-15 van die Top-15-byeenkoms aangewys. Dit is die vyfde keer in 'n ry dat die beker deur Parkies verower word – *absolut* ongeëwenaar!




Hier volg die uitslae van Menlo se vyftien top-atlete by die Top-15-byeenkoms:

**Rekords**: Janelle Kirkpatrick (o. 14; 90 m-hekkies), Werner Bezuidenhout (o. 19; 110 m-hekkies) & Taelyn Smith (o. 16; hoogspring)

**Atlete met volpunte op die APE-tabel** Alicia Khunou & Joshua Gerber

**Puntestand**

1. Die Hoërskool Menlopark
2. Hoërskool Noordheuwel
3. Hoërskool Zwartkop
4. Hoërskool Montana
5. Helpmekaar College
6. Potchefstroom Gimnasium

**Menlo-atlete: Bestes suid van die Serengeti**

Die Curro Podium Byeenkoms word allerweë as die grootste atletiekbyeenkoms in die land beskou. 1 500 atlete wat nagenoeg 50 skole verteenwoordig is genooi om in die blokke te sak en om hulleself sodoende teen die land se bestes te meet.

Dit is onnodig om die Menlo-atlete se puik prestasies te beskryf, want die uitslae spreek vanself. Hartlik geluk aan elke Parkie wat 'n aandeel aan die skool se puik oorwinning gehad het, asook aan mnr. JJ Smith en me. Lelanie van Wyk – die skool se breiers en organiseerders. Julle leierskap inspireer.

**Puntestand (algeheel)**
**1. Die Hoërskool Menlopark**

**Dogters**
1. Die Hoërskool Menlopark 2. AHMP 3. Noordheuwel 4. La Rochelle

**Seuns**
1. Curro Hazeldean 2. Die Hoërskool Menlopark 3. AHS 4. Podium Uitnodigingspan

**Beste senior veldatleet:** Alicia Khunou


**Beste junior baanatleet:** Janelle Kirkpatrick

**Atlete met meer as 850 punte op die APE-tabel:** Colene Scheepers, Menike vd Berg, Kaitlyn van Rooyen, Isabella van der Merwe, Anneke Steynberg, Liné de Villiers, Rachel Schwulst, Lu Chelle Breedt, Janelle Kirkpatrick, Alicia Khunou (1 000), Chirsté Loedolff, Merlé Jv Rensburg, Ashlynn Nel, Werner Bezuidenhout, Nicolas Nieman, Johann Roelofse, Rolandt Grosskopf, Danté Raath, JM Maritz, Joshua Gerber, Aidan Erasmus, Ronald Khunou, Jaco van Dyk, Chris Swanepoel, Taelyn Smith & Leskin Samuels.

# SWEM

























## Menlo-swemmers maak golwe

Die swemmers se spanete het beslis die gewenste uitwerking gehad, veral as 'n mens na die uitstekende uitslae wat die Menloparkers by die sweminterhoërgalas behaal het, kyk.

Die opwinding van die galas staan in skrille kontras met die spieëlgladde water en rustige atmosfeer wat gewoonlik by die Hillcrest-swembad heers.

Die leë pawiljoene is met geesdriftige toeskouers gevul en gazebo's van die deelnemende skole het soos paddastoele op die grasperk opgeskiet. Dáár is strategieë uitgewerk en planne beraam om nog 'n slag as een van die top swemskole in Pretoria gekroon te word.

Die A-span het die skool se naam oudergewoonte hooggehou, maar dit is die B- en C-spanne wat golwe veroorsaak het. Die B-en C-span neem teen ander skole se A-spanne deel, maar laat hulle nie intimideer nie. Die mededingers het trouens besef dat dit soms lyk of hulle water trap wanneer hulle langs 'n Parkie swem!

Tussen die baantoue en die diepblou water, het swemmers met hart en siel ingeduik – elkeen met dieselfde doel voor oë – om hulle onderskeie skole se eer te verdedig. Hartlik geluk aan Genna Cloete wat as die beste senior swemmer aangewys is. Na vele naelbytoomblikke het sake aan die einde van die galas soos volg gestaan:

**A-Bond**

1 Midstream College
2 Die Hoërskool Menlopark
3 Hoërskool Garsfontein
4 Hoërskool Zwartkop
5 Cornwall Hill College
6 Curro Hazeldean

**Senior Victrix Ludorum:** Genna Cloete (o. 19)

**B-Bond**

1 Hoërskool Waterkloof
2 Hoërskool Montana
3 Hatfield Christian School
4 Woodhill College
5 Die Hoërskool Menlopark (B)
6 Tyger Valley College
7 Southdowns College

**C-bond**

1 Hoërskool Oos-Moot
2 Die Hoërskool Menlopark (C)
3 Deutsche Schule Pretoria
4 Sutherland High School
5 Hoërskool Wonderboom
6 Hoërskool Eldoraigne
7 Hoërskool Overkruin
8 Maragon Mooikloof

# TENNIS

## Menlo-7: toonbeeld van sportmanskap en talent

Die skilderagtige laeveldomgewing was die perfekte agtergrond vir naelbytaksie uit die boonste rakke tydens die Groot 5 Toernooi waar die land se voorste seunspanne sake teen mekaar uitgespook het. Op die oog af is tennis nie 'n ingewikkelde storie nie, maar moet jou nie laat mislei nie.

Om as wenner van die Groot 5 Toernooi van die baan te stap, verg leeuemoed, luiperdspoed en senuwees van staal. Daarby moet die wedstrydplan haarfyn uitgewerk word om die niksvermoedende teenstanders op die agtervoet te betrap en dit alles het die Menlo-manne op 'n drafstap vermag. Wat die Menlo-manne se prestasie selfs meer indrukwekkend maak, is die feit dat 'n oorwinning nooit belangriker as goeie sportmanskap was nie. Die manier waarop die span hulleself op die baan gehandhaaf het, het aandag getrek en dit is die rede waarom Stefan Jansen van Vuuren die Sportmanskaptrofee verower het.

Die Menlo-spelers wat die skool by die toernooi verteenwoordig het, is:


Joshua Smit, Stefan Jansen van Vuuren, Kelly Mostert, Christiaan de Bruine, Nicholas Pretorius, Jaden vd Westhuizen & Jan-Hendrik Swanepoel.

Die teenstanders moes in die vroeë stadiums van die toernooi behoorlik bontstaan, maar die kompetisie vir die Parkies het al hoe strawwer geraak namate die toernooi gevorder het. Eindelik het net twee skole bly staan: Menlo en Paul Roos. Dié tennisreuse het 'n titaniese stryd gevoer en toe die valbyl val, het Menlo naelskraap in die tweede plek geëindig. Hier volg die uitslae:

1. Paul Roos Gimnasium
2. Die Hoërskool Menlopark
3. Hoërskool Garsfontein
4. Boland Landbou
5. Midstream
6. Hoërskool Monument
7. Hoërskool Nelspruit
8. Hoërskool Wilgerivier
9. WJTA
10. Hoërskool Ermelo

Die skool bedank graag die afrigter, mnr. Hendrik Coertzen, en die organiseerder, me. Elné Coertzen, vir hulle aandeel aan die spelers se sukses. #menlotrots







# FIETSRY

## Vreeslose Parkie vaar uitstekend op fiets

Arielle Behr het met haar puik vertoning in die eerste rondte van die Downhill SA Cup Series 'n waarskuwing aan haar mededingers gestuur.

Hierdie haastige Parkie het die eerste been van die kompetisie wat in Sabie plaasgevind het, gewen en so gewys dat sy slaggereed vir die 2024-seisoen is. Welgedaan!



# MUURBAL

## E staan vir Eersteklas!

Die seuns van Menlo E het vandeesweek gewys dat Menlo-muurbal nie net groot en sterk is nie, maar ook diep. Die viermanskap het die span van Hoërskool Zwartkop geklop en so gewys dat 'n MMA-man vir seker kan!

Hartlik geluk aan die afrigter, me. Liz Mackenzie en die skool se talentvolle ligaspelers.





# PERDRY

## Menlo se Sanesa-span moeiteloos oor die eerste hindernis

Sanesa se eerste kwalifiserende byeenkoms is afgehandel en die Parkies het puik gevaar! Die snikhete temperatuur was voorwaar 'n perd van 'n ander kleur, maar die Insig het geen kennis ontvang dat enige ruiters of perde gesmelt het nie.

Hier volg die uitslae:

| | |
|---|---|
| Annebelle Botha | 2 x 2de plekke |
| Minke Kruger | 1 x 1ste plek & 1 x 2de plek |
| Ziané van den Berg | 6 x 1ste plekke |
| Mieke van den Berg | 2 x 1ste plekke; 2 x 3de plekke & 2 x 4de plekke |
| Libby Pienaar | 1 x 5de plek |
| Mirabelle Neveling | (Johannesburg-kompetisie): 1 x 2de & 1 x 4de plek |
| Nadine Roux | 1 x 2de; 1 x 3de & 1 x 5de plek |
| Dea Higgins | 2 x 1e plekke |
| Lisa Fouche | 1 x 3de plek |
| Milan Brink | 1 x 5de plek |
| Micaela Cloete | 1 x 2de plek |
| Annebell Pienaar | 1 x 3de plek |
| Laylah Nel | 2 x 3de plekke |
| Roi Fourie | 1 x 3de & 1 x 5de plek |
| Lize Coetzee | 2 x 2de plekke; 1 x 3de; 1 x 4de; 1 x 5de en 1 x 6de plek |
| Michaela Gibbon | 1 x 4de plek |

# KRIEKET



## Menlo-manne kraai koning op krieketveld

Een van die eerste lesse wat 'n mens op die sportveld leer, is om die opponente te respekteer. In Pretoria is die kompetisie uit alle oorde straf en daarom benader Menlo se krieketmanne elke wedstryd met ontsag.

Die manne van AHS en Hoërskool Centurion het egter verlede naweek agtergekom dat 'n Parkie nie met hom laat mors nie, veral nie as daardie Parkie op 'n drafstap na die Parkiebal op pad is nie.

Alhoewel die skool op elkeen van ons manne trots is, wil die Insig die puik kolfbeurt van Jan-Willem Pienaar en die uitstekende boulsyfers van Ben Schomper eintlik geheim hou. Wat sal gebeur as die twee manne nou vir diens in die Protea-span opgeneem word?
Die Insig sal darem graag wil toesien dat die twee talentvolle spelers eers matriek skryf voor hulle wêreldwyd bekendheid verwerf. Knap gedaan en baie geluk aan die spelers en afrigters, mnre. Petrus Coetzee en Arno van Wyk.





Hier volg die uitslae:

### Menlopark 2de XI teen Affies 2de XI

Affies 122 almal uit (Evert Greyling 3/15, Paul Lubbe 3/25)
Menlo 123/0 (Owen Louwies 33*, Matt van der Westhuizen 76*)
Menlo wen met 10 paaltjies.

### Menlopark o. 15 A teen Centurion o. 15 A


Menlo 314/4 (Corrie Botha 82, Jan-Willem Pienaar 105)
Centurion 146 almal uit (Ben Schomper 6/16)
Menlo wen met 168 lopies.

# HOKKIE




# SPOG





## Parkies gee pas aan by motocrosskampioenskap

Damian en Ivana Venter is professionele motocrossrenjaers. Hierdie twee onverskrokke jaagduiwels het verlede naweek aan die eerste rondte van Motorsport Suid-Afrika se motocrosskampioenskap vir noordelike streke deelgeneem en uitstekend gevaar.

**Ivana Venter:** Algeheel tweede in die dameskategorie waar Ivana verskeie renjaers wat selfs tien jaar ouer as sy is, uitstof.

**Damien Venter** Derde in die 125cc-hoërskoolkategorie.

Beide renjaers kwalifiseer hiermee om eerskomende naweek aan die nasionale kampioenskap deel te neem waar hulle visier op 'n podiumplek ingestel is. Hartlik geluk!



# MENLO-INLIGTING

## 1 MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 – 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**

- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

## 2 MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

## 3 SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

## 4 BEMARKINGSKANTOOR



## 5 EKSTRA KLASSE

**Wiskunde:** Raadpleeg die skool se webblad vir die rooster.

**Fisiese Wetenskappe:**
Graad 11 & 12
Vraag-en-antwoordsessie by die onderskeie vakonderwysers.
Maandae: 14:05 en 15:00.

**Graad 10**
15/2 in H11 • 22/2 in H9
29/2 in A106 • 7/3 in H10
14/3 in H11

## 6 TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

## 7 ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- Menlo is kontantloos!









# MARKPLEIN


TOYOTA
LEAD THE WAY
FIND TRUE
LOVE
NEW OR USED
FIND TRUE LOVE
WITH OUR CRAZY SPECIALS
Exclusive to NMI Toyota Menlyn
COME BRAAI WITH US
Saturday 24 Feb | NMI Toyota Menlyn
Activities available for the littles include face painting, popcorn, ice cream and more
012 995 1700 | 125 Dallas Ave, Waterkloof Glen, Pretoria, 0010
TCS MAY APPLY | IMAGE FOR ILLUSTRATIVE PURPOSES ONLY | WHILE STOCKS LAST
NMi


RAATH & SPIES
PHYSIOTHERAPISTS
PR NR 0764701
SPECIAL INTERESTS:
• Sports & Orthopaedic Conditions
• Headaches & TMJ Dysfunctions
• Back & Pelvic Girdle Pain
• Ultrasound and Shockwave therapy available
• Core Strengthening
• Respiratory Rehabilitation
Pelvic Girdle Dysfunctions:
• Men's & Woman's Health Conditions
• Incontinence
• Pelvic Floor Muscle Strengthening
• Sexual Pain & Dysfunction Conditions
Hazeldean Office Park
687 Silver Lakes Road,
Avocet Corner, Ground Floor
Unit 6, Silver Lakes
Practice Cell: 084 804 5508
Email: raathandspiesphysios@gmail.com
Cecilia Raath • Marele Spies • Annika Vermaak


16 MAART 2024
CASALINGA
SONNEBLOMFEES
SNOTKOP | DROOMSINDROOM | DIE HEUWELS FANTASTIES | EARLY B
DIE PIESANGSKILLE | JUSTIN VEGA | VANCOET BAND | DJ TWO TONE
KAARTJIES BESKIKBAAR VANAF
ticketmaster®


TAU
SLOW LEATHER CO
Volg gerus die skakel na TAU.


UNDER ARMOUR
VOORSKRIFBRILLE
NOU BESKIKBAAR BY
Bespreek Aanlyn
specsavers
Vir BEKOSTIGBARE OOGSORG
HILLCREST | 012 362 3144
Winkel 14 Grondvloer, Hillcrest Boulevard Winkelsentrum




| | |
|---|---|
| Sjokolade Kolwyntjies met sjokolade versiersel | x6 R100<br>x12 R180 |
| Sjokolade Splinterkoekies (choc chip) | x6 R50<br>x12 R100 |
| Bruintjies (Brownies) | x12 R85 |
| Bruintjies (Brownies) – glutenvry | x12 R100 |
| Piesangbrood | R55 |

*Tuisgebak met regte botter en kwaliteit bestanddele*

**Plaas bestellings minstens 2 dae voor die tyd**

**Klara 066 222 4446**







Twee Slaapkamer Woonstel Te Huur in Menlopark

**GEEN LOADSHEDDING (SOLAR)**

Stap afstand van Laerskool en Hoërskool Menlopark. 3km vanaf Tukkies en Brooklyn Mall. 78m², 2 slpk, woonkamer, aparte kombuis, patios en tuin. Eie ingang. Veilige parkering in skadu vir 2 motors. Pas opgradeer. Kombuis oorgedoen. Nuwe stort in badkamer. Kaggel in ruim leefarea. **R9500 p/m**

**Kontak Wynand: 082 371 8292**



